REEKS

DIE BYBEL in 'n neutedop

Sagaría

—deur Peter Hammond

***"Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees, sê die Here van die leërskare."* Sagaría 4:6**

Juda is verower en Jerusalem aan die brand. Die Tempel is verwoes. Die bevolking is in ballingskap na Babilon weggevoer (2 Konings 24-25). In 538 v.C. het koning Kores van Persië die krygsgevangenes van Juda bevry sodat hulle na hulle land kon terugkeer en hulle in en om Jerusalem hervestig om die Tempel te herbou (Esra 1:1-4 en 3:1-4:5). Teenkanting, ongeërgdheid en apatie het veroorsaak dat die herstelwerk aan die Tempel versaak is. (Esra 4:24). Sestien jaar later (Esra 5:1-2) het Haggai, en later ook Sagaría, in opdrag van die Here die volk beveel om die Tempel te herbou. Die resultaat was dat die Tempel vier jaar later (in 516 v.C.) herbou is (Esra 6:15).

Teenkanting en apatie het veroorsaak dat die herstelwerk aan die Tempel versaak is. Sestien jaar later het die Here aan Haggai, en later Sagaría, die opdrag gegee om die Tempel te herbou.

Haggai en Sagaría word vergelyk

Haggai is een van die kleiner profete wat die maklikste is om te verstaan. Sagaría, daarteenoor, is een van die moeilikste boeke. Sagaría is 'n langer boek as Haggai. Terwyl Haggai hoofsaaklik aan die teenswoordige en onmiddellike probleme aandag gee, het Sagaría ver die toekoms in gekyk. Die boek Haggai beslaan slegs 'n tydperk van 'n paar maande. Sagaría, daarteenoor, is met die verloop van 'n paar jaar geskryf en strek sy visie eeue die toekoms in. Gedeeltes uit Sagaría word in poëtiese vorm, apokaliptiese visuele beelde, simbole en woordbeelde (metafore) aangebied. Groot dele van Sagaría toon 'n ooreenkoms met die tweede helfte van Daniël en dele van Esegiël. Daar word in die boek Openbaring na groot dele van Sagaría verwys, en daaruit aangehaal.

Die regeerders van Israel

Gedurende die 2 000 jaar van Abraham tot by Jesus, is die nageslag van Israel vir die eerste 500 jaar (van 2000 tot 1500 v.C.) deur die aardsvaders, Abraham, Isak, Jakob en Josef, gelei. Gedurende die volgende 500 jaar (1500 tot 1000 v.C.) is hulle deur die profete gelei (Moses tot Samuel). Van 1000 tot 500 v.C. is hulle deur prinse of konings, soos Saul, Dawid, en Salomo gelei. Van 500 v.C. tot by Christus se koms, het priesters (soos Esra) die mense van Israel gelei. Elke vorm van leierskap het nietemin misluk. Ons Here Jesus Christus het al hierdie ampte in Sy Persoon verenig. Hy is ons Patriarg, Profeet, Priester en Koning.

Bestraffing en Opstand

Die profete wat ná die ballingskap gekom het, het groter sukses behaal as die profete vóór die ballingskap. Ná die ballingskap het die volk na die profete geluister en gedoen wat hulle beveel is! Sagaría herinner ons aan die toets vir 'n ware profeet: As dit wat hy gesê het gaan gebeur, nie plaasvind nie, is hy 'n vals profeet. Profete moet getoets word. As hulle voorspellings nie bewaarheid word nie, moet hulle berispe word omdat hulle God se volk mislei het – en Sy Naam misbruik het.

Satan Is die aanklaer van die Broeders

Wanneer die Here werk, kan ons verwag dat die duiwel dit sal probeer ondergrawe. Satan (in Hebreeus), of diabolos in Grieks, beteken 'aanklaer'. Sagaría praat van satan wat aan die regterkant van die hoëpriester, Josua, staan om hom aan te kla (Sag 3:1). Al was Josua se klere liederlik vuil, het die Here satan bestraf en beveel dat Josua se vuil klere weggeneem moet word. Deur die genade van God is Josua, ten spyte van sy sonde, en die sonde van sy volk, voor God gereinig. God het belowe, wat Hy vir hierdie een man gedoen het, Hy ook eendag vir die hele nasie sou doen. *"Want kyk, Ek sal my Kneg, die Spruit, laat kom! Want kyk, die steen wat Ek voor Josua neergelê het...Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg."* Sagaría 3:8-9.

Hoëpriester gekroon

Die twee olyfbome wat Sagaría beskryf, verteenwoordig Serubbábel, die goewerneur, en Josua, die hoëpriester. Daar sou dubbele leierskap oor die land wees. Vir die eerste keer is 'n hoëpriester gekroon. Nooit vantevore in Israel se geskiedenis is 'n koning en 'n priester in een mens verenig nie. Dit is simbolies van die komende Messias, wat nie van Aäron of Elia afstam nie, maar van die nageslag van Melgisédek – beide koning en priester.

Vervolgers gestraf

Diegene wat God se volk aanval, sal die gevolge daarvan moet dra – volgens God. *"En Ek sal vir hom wees, spreek die HERE, 'n vurige muur rondom en tot heerlikheid daar binne-in."* Sagaría 2:5. *"...want wie julle aanraak, raak Sý oogappel aan."* Sagaría 2:8.

Die Gesalfde Messias

Sagaría verkondig 'n visie van 'n goue kandelaar met sewe tuite in die Tempel, asook 'n goue bak vol olie, wat die olie in die lamp aanvul. *"Hier is die boodskap van die Here aan Serubbábel: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare."* Sagaría 4:6. Messias beteken 'God se Gesalfde' (Christus in Grieks). Die onuitputlike bron van God se Heilige Gees sal deur Christus vloei en die nasies seën.

Laat die aarde Sy Stem hoor

"En baie nasies sal hulle in dié dag by die HERE aansluit, en hulle sal My tot 'n volk wees; en Ek sal in jou midde woon. Dan sal jy weet dat die HERE van die leërskare My na jou gestuur het." Sagaría 2:11.

En die Messias sal *"die sluitsteen te voorskyn bring onder uitroepe van: Genade, genade oor hom!"* Sagaría 4:7. *"Kyk, daar kom 'n Man wie se Naam is Spruit, en Hy sal uit Sy plek uitspruit, en Hy sal die tempel van die HERE bou. Ja, Hý sal die tempel van die HERE bou, en Hý sal majesteit verkry en sit en heers op Sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op Sy troon, en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan...En die wat ver is...sal nougeset luister na die stem van die HERE julle God."* Sagaría 6:12-15. Groot dinge kan baie klein begin. Wees getrou in die klein dinge. God sien, God gee om. Doen alles tot eer van God.

Die vlieënde boekrol

"En ek het my oë weer opgeslaan en gekyk daar – was 'n vlieënde boekrol...'Dit is die vloek wat uitgaan oor die ganse land; want ooreenkomstig daarmee sal al die diewe hiervandaan weggeruim word, en ooreenkomstig daarmee sal al die meinediges hiervandaan weggeruim word... En laat dit uitgaan, spreek die HERE van die leërskare, en dit sal kom in die huis van die dief en in die huis van hom wat vals sweer by My Naam; en dit sal binne-in sy huis vernag en dit verteer saam met sy balke en sy klippe.'" Sagaría 5:1-4.

Die Seën van gehoorsaamheid en die vloek van ongehoorsaamheid

Gehoorsaamheid loop uit op seëninge, en ongehoorsaamheid op vloeke. Alles het gevolge. By die gee van die Wet is daar groot seëninge uitgespel op gehoorsaamheid aan die Wet van God, en geweldige vloeke op dié wat die Wet van God verbreek (Deuteronómium 28). God se vloek rus op almal wat steel en lieg. Elke belofte het voorwaardes en 'n bepaalde konteks. Groot seëninge word belowe aan dié wat met groot toewyding die Woord van die Here gehoorsaam.

Vas en Fees

"...het julle toe werklik ter wille van My gevas? En as julle eet en as julle drink, is dit dan nie júlle wat eet en júlle wat drink nie? Is dit nie so met die woorde wat die HERE deur die diens van die vroeëre profete verkondig het nie?... Spreek 'n eerlike vonnis uit en bewys liefde en barmhartigheid die een aan die ander. En moet nie die weduwee en die wees, die vreemdeling en die arme verdruk nie en kwaad in julle hart teenoor mekaar bedink nie." Sagaría 7:5-10.

Die ware vas is om jou van sonde te weerhou

Hier praat Sagaría die taal van Jesaja 58. Die volk se vas was eintlik maar 'n self-gesentreerde, leë godsdienstige ritueel. Die Here verwag van ons om te vas van oneerlikheid en wreedheid. God wil hê ons moet vrygewig en vriendelik wees, die hulpelose help en vir die behoeftige omgee; regverdig wees, en »

Die vas wat God verlang, behels nie soseer om jou van kos te onthou nie, maar eerder van sonde. Die boek Sagaría is 'n messiaanse, apokaliptiese boodskap van herstel en heerlikheid.

Die Boodskap van Sagaría

Die boek Sagaría is 'n messiaanse, apokaliptiese boodskap van herstel en heerlikheid. Sagaría beteken 'Die Here onthou'. Dit is hoofsaaklik geskryf vir die oorblyfsel van Israel wat uit ballingskap in Babilonië teruggekeer het. Sagaría bied hoop aan God se volk ten tyde van groot uitdagings, en bring 'n geestelike herlewing teweeg deur die volk se harte te verander om in berou oor hulle sonde die Here se aangesig te soek. *"So spreek die HERE van die leërskare: Keer terug na My...en Ek sal na julle terugkeer,"* Sagaría 1:3. *"Moenie soos julle vaders wees nie...hulle het nie gehoor en na My nie geluister nie, spreek die HERE."* Sagaría 1:4. Sagaría maak gebruik van visioene, profesieë, tekens, beskrywings van engele, en direkte woorde van God, om bekering, redding en 'n heilige lewe te belig, en praktiese riglyne vir die daaglikse lewe te bied.

Wie was Sagaría?

Sagaria was 'n jong priester en profeet. Hy was die seun van Berégja, en kleinseun van Iddo – wat sestien jaar tevore na Jerusalem teruggekeer het. (Nehemía 12:4-16). Sagaria was 'n tydgenoot van die profeet Haggai.

REEKS

DIE BYBEL in 'n neutedop

Sagaría

liefde en meegevoel betoon. Die vas wat God verlang, behels nie soseer om jou van kos te onthou nie, maar eerder van sonde. Die meeste mense sal nietemin verkies om eerder sonder kos te bly, as om hulle sonde te laat vaar! Dit was presies om hierdie rede dat Jerusalem vernietig is, die Tempel afgebreek is, en die mense sewentig jaar lank in ballingskap na Babilon geneem is. Hulle eie selfsug en gierigheid was hulle ondergang. *"En die woord van die HERE van die leërskare het tot my gekom en gesê: So sê die HERE van die leërskare: Die vasdag...moet vir die huis van Juda 'n vreugde en blydskap wees en vrolike feestye, maar julle moet die waarheid en die vrede liefhê."* Sagaría 8:18-19.

Die Here wil nie vakansiedae hê nie, maar heilige dae. Sagaria spreek die mense skerp aan oor die selfgesentreerdheid van hulle feeste...Hulle fokus was nie op God nie.

Heilige dae moet op God gefokus wees

Die Here wil nie vakansiedae hê nie, maar heilige dae. Sagaría spreek die mense skerp aan oor die selfgesentreerdheid van hulle feeste. Hulle is net geïnteresseerd in kos, samesyn en plesier. Hulle fokus was nie op God, Sy Woord, Sy wil, Sy werk of aanbidding van Hom nie. Sagaría maak dit baie duidelik, die toorn van God het die mense van Juda getref, en hulle is oor die nasies heen verban en hulle land het verlate geword omdat hulle onwillig was om aan die Woord van God gehoorsaam te wees en hulle harte verhard het. (Sagaría 7:11-14).

Waarheid en geregtigheid

Die profeet beveel *"...Spreek die waarheid met mekaar; beoefen waarheid en 'n regspraak van vrede in julle poorte! En julle moet nie mekaar se onheil in jul hart versin nie, en nie die valse eed liefhê nie. Want dit alles haat Ek, spreek die HERE."* Sagaría 8:16-17.

Jesus in Sagaría

Jesus is God se Dienskneg. Die Spruit (3:8); die Goeie Herder (9:16; 11:11); die Herder wat geslaan is (13:7).

Christus sou vir 30 silwer muntstukke verraai word. *"Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer...en En ek het die dertig sikkels silwer geneem en dit in die huis van die HERE vir die pottebakker gegooi..."* Sagaría 11:11-13.

Matteus 27:9-10 haal aan uit Sagaría 11:13, om só die profesie op Judas se verraad teen Jesus van toepassing te maak.

Die Messias se hande sou deurboor word (Sagaría 12:10). Die Messias sou in die huis van sy vriende verwond word. (Sagaría 13:6).

Die Messias sou Jerusalem binnekom op die rug van 'n donkie. *"Verheug jou grootliks... Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel..."* Sagaría 9:9.

Die Messias sal *"aan die nasies vrede verkondig, en Sy heerskappy sal wees van see tot see, en van die Eufraat tot aan die eindes van die aarde."* Sagaría 9:10.

Die Messias sal *"'n geopende fontein wees... teen sonde en onreinheid. En in dié dag, spreek die HERE van die leërskare, sal Ek die name van die afgode uit die land uitroei, sodat aan hulle nie meer gedink sal word nie; en ook die profete en die onreine gees sal Ek uit die land laat wegtrek"* Sagaría 13:1-2.

Die Kruis en die Kroon

Om die visioene van Sagaría te verstaan, moet 'n mens hulle in die lig van beide die Kruis en die Kroon lees. Sagaría praat van die goeie en lydende Herder. *"Slaan die herder, sodat die skape verstrooi word..."* Sagaría 13:7.

"En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en Sy Naam een." Sagaría 14:9.

"En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei..." Sagaría 14:8.

"In dié dag sal op die klokke van die perde staan: Heilig aan die HERE!" Sagaría 14:20.

Verwerp die vals profete en die nuttelose herders

Die profeet Sagaría praat van 'n tyd van *"verwarring...waansin...blindheid"* (Sagaría 12:4).

"Wee die slegte herder wat die skape in die steek laat!" Sagaría 11:17.

Vals profete word verdoem: *"En as iemand nog wil profeteer, sal sy vader en sy moeder wat hom verwek het, vir hom sê: Jy mag nie langer lewe nie, want jy het leuens in die Naam van die HERE verkondig..."* Sagaría 13:3-4.

Die misleiding van afgode

Die misleiding van afgode word veroordeel: *"Want die huisgode spreek bedrog, en die waarsêers sien leuens en verkondig nietige drome, hulle troos met wind. Daarom het hulle weggeswerwe soos 'n kudde; hulle verkeer in verdrukking, omdat daar geen herder is nie. Teen die herders het my toorn ontvlam, en oor die voorbokke sal Ek besoeking bring; want die HERE van die leërskare gee ag op Sy kudde..."* Sagaría 10:2-3.

Nasies sal geoordeel word

Sagaría profeteer oordeel oor die nasies: *"Ook sal die trotsheid van Assirië neergewerp word, en die septer van Egipteland wyk."* Sagaría 10:11.

Sagaría praat van die las van die Woord van God teen die nasies, teen Tirus, Sidon, Askelon, Gasa, Akron: *"en die baster sal in Asdod woon – so sal Ek dan aan die trotsheid van die Filistyn 'n einde maak – en Ek sal die bloed uit sy mond verwyder en sy verfoeisels tussen sy tande uit."* Sagaría 9:6-7.

"So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die HERE van die leërskare in Jerusalem te soek en die aangesig van die HERE om genade te smeek." Sagaría 8:22.

Drie nuttelose herders uit hulle amp ontslaan

In Sagaría 11:8 word die Goeie Herder beskryf as iemand wat die drie nuttelose herders van hulle amp onthef. *"En ek het die drie herders in een maand vernietig. Toe het my siel ongeduldig geword oor hulle, terwyl hulle siel ook van my afkerig geword het...Toe het ek my staf Lieflikheid geneem en dit verbreek, om my verbond wat ek met al die volke gesluit het, te verbreek. En dit is op dié dag verbreek..."* Sagaría 11:8-11.

Jesus, die Messias, is die Goeie Herder wat tydens Sy aardse bediening die valsheid van die godsdienstige leiers aangevat het: die priesters, ouderlinge, en die skrifgeleerdes van Juda, is met striemende veroordeling onteien. Die aftakeling van die nasie in 70 n.C. het die regeringstydperk van die profete, priesters en konings van Israel ingelui. Van toe af is net Christus ons Profeet, Priester en Koning.

Christus sal oor die nasies regeer

Ons Here Jesus Christus is die Goeie Herder, wat ter wille van die sondes van Sy volk geslaan en verwond is. Hy het die Fontein geword om ons van sonde te reinig. Die Here sal Koning wees van die ganse aarde. Op daardie dag sal die Naam van die Here die enigste wees, en al die nasies sal na Christus toe kom.

Gered om te dien

"...so sal Ek julle verlos, dat julle 'n seën kan wees. Wees nie bevrees nie, laat julle hande sterk wees." Sagaría 8:13. Ons word gered om te dien. Ons is geseën om tot seën te wees. ■

DR PETER HAMMOND *is 'n sendeling, outeur, en konferensie-spreker. Besoek www.frontline.org.za*

"Maar Ek het julle gered, en nou sal julle name gebruik word in seënwense. Moenie bang wees nie, skep moed!"
- Sagaría 8:13

Ons Here Jesus Christus is die Goeie Herder, wat ter wille van die sonde van sy volk geslaan en verwond is. Hy het die Fontein geword om ons van sonde te reinig.

Visioene in Sagaría

- Die horings verteenwoordig militêre mag, en die grofsmid en vakmanne is dié wat die vyande van God sal ontwapen.
- Die maatlyn spreek van naderende uitbreiding, voorspoed, en die oorvloed waarmee God Sy mense sal seën.
- Die besoedelde gewaad van die hoëpriester simboliseer die algehele verdorwenheid van die mens. Die verwydering van hierdie vuil klere, en die vervanging daarvan met skoon klere, verteenwoordig God se genade, wat ons sonde verwyder en ons reinig.
- Die goue kandelaars simboliseer die Messias, die Lig van die wêreld.
- Die goue bak is die reservoir vir die olie van die Heilige Gees.
- Die vlieënde boekrol verteenwoordig die Woord van God, wat vloeke oor ongehoorsames bring.
- Die efa op Goddelike vlerke verwyder boosheid uit die land.
- Die vier strydwaens verteenwoordig God se engele wat geregtigheid oor die hele aarde handhaaf en boosheid bekamp.